



# **TOERISME**

**GRAAD 12**

**HERSIENINGSVRAE ANTWOORDE**

**ONDERWERP: PLAASLIKE, STREEKS EN  
INTERNASIONALE TOERISME  
INHOUD: VORMS VAN BETALING TYDENS  
INTERNASIONALE REISE**

Al die antwoorde in hierdie dokument is uit vorige DBE NSS en ECDoE provinsiale nasienriglyne verkry.

Hierdie dokument bestaan uit 5 bladsye.

**ONDERWERP: PLAASLIKE, STREEKS EN INTERNASIONALE TOERISME**

**INHOUD: VORMS VAN BETALING TYDENS INTERNASIONALE REISE**

**NOV 2014 NSS  
VRAAG 9**

- 9.5 9.5.1 Geld word elektronies oorgeplaas van een rekening na 'n ander. ✓✓
- Geld aanlyn oor te plaas
  - Internet bankdienste
  - SWIFT oorplasing (2)
- 9.5.2 Dit is 'n gerieflike betalingsmetode omdat kliënte geld kan oorplaas wanneer dit vir hulle geskik is. ✓✓
- Geld kan enige plek in die wêreld oorgeplaas word.
  - Maklik om te betaal vir items omdat jy geld elektronies kan oorplaas in plaas daarvan om fisies teenwoordig te wees.
  - Veiliger as om kontant by jou te dra. (2)

**NOV 2016 NSS  
VRAAG 9**

- 9.2 9.2.1 55 jaar en ouer ✓✓ (2)
- 9.2.2 Dit is geriefliker om kredietkaarte te gebruik omdat dit in bykans alle lande aanvaar word. ✓✓  
Dit is 'n veiliger keuse. ✓✓
- Hierdie ouderdomsgroep kwalifiseer vir 'n beter kredietgradering en het toegang tot meer fondse.
  - Hierdie ouderdomsgroepe het gemoedsrus wanneer hulle reis, want hulle weet hulle het toegang tot fondse in noodgevalle.
  - Belonings en ander byvoordele wanneer kredietkaarte gebruik word.
  - Word gekoppel aan reisversekering.
  - Dit is 'n algemene betalingsmetode wat deur motorverhuringmaatskappye vereis word. (4)

**NOV 2017 NSS  
VRAAG 9**

- 9.2 9.2.3 Buitelandse banknote ✓✓
- Kontant
  - Euros (2)

**NOV 2018 NSS  
VRAAG 9**

- 9.3 Lojaliteitspunte kan gebruik word om betalings vir aankope aan te vul, wat dus produkte/dienste meer bekostigbaar maak (afslag). ✓✓
- Die toeriste sal hulle opgehoopte Lojaliteitspunte by die lojaliteitsvennote spandeer, wat sodoende die finansiële voordele vir hierdie besighede vergroot. (2)

**NOV 2019 NSS  
VRAAG 9**

- 9.2 9.2.1 Toeriste het nie nodig om in rye te staan om tydrowende FOREX transaksies te doen nie. ✓✓  
Toeriste kry die nuutste wisselkoerse wanneer hulle FOREX koop. ✓✓
- Toeriste kan meer as een kaart vir transaksies skep.
  - Betalings kan vanaf enige land na enige internasionale bestemming gemaak word.
  - FOREX kan gekoop word en betalings kan enige tyd of enige plek gemaak word. (4)
- 9.2.2 Teenoor voorafgelaaide debietkaarte en kontant wat gesteel of verlore kan raak, kan virtuele nie gesteel word of verlore raak nie aangesien hierdie kaarte nie fisies bestaan nie. ✓✓
- Die Toep word deur 'n PIN beskerm en al sou die foon gesteel word of verlore raak, kan geen geld verloor word nie.
  - Dit sal baie moeiliker vir bedriërs wees om toegang tot fondse te verkry.
  - Dit is makliker om alle transaksies op te spoor. (2)
- 9.2.3 'n Toeris sal nie hierdie Toep kan gebruik as daar nie internetverbinding is nie. ✓✓
- As die apparaat gesteel word / verlore raak sal die toeris nie hierdie Toep kan gebruik nie.
  - As die Toep foutief raak, sal dit nie moontlik wees om die Toep te gebruik nie.
  - Toeriste word beperk ten opsigte van elektroniese transaksies as die ontvanger nie die nodige ondersteunende tegnologie het nie. (2)

**FEB-MARCH 2016 NSS**  
**VRAAG 9**

- 9.2 9.2.1 Daar is nie meer 'n vraag na reisigerstjeks nie en is deur handelaars in Suid-Afrika onttrek. ✓✓  
 • Reisigerstjeks word nie meer gebruik nie. (2)
- 9.2.2 Voorafgelaaiide buitelandse valuta debietkaart ✓  
 Debietkaart ✓  
 • Kredietkaart  
 • Buitelandse valuta  
 • 'Moneygram'  
 • 'SWIFT'-oorplasing (2)

**FEB-MARCH 2018 NSS**  
**VRAAG 9**

- 9.3 9.3.1 Toeriste sal nie enige kaart kan gebruik om kontant te onttrek nie. ✓✓  
 • Toeriste sal nie kontant kan onttrek nie.  
 • Toeriste sal sonder kontant in Zimbabwe gestrand wees. (2)
- 9.3.2 Die toeriste moet dollars by hulle hê in geval van noodgevalle wanneer hulle die land binnegaan. ✓✓  
 Betaal met kredietkaart waar kaartfasiliteite beskikbaar is. ✓✓  
 • Maak waar moontlik, voorafbetalings ('vouchers'/bewyse) vir aktiwiteite en maaltye voor die reis na Zimbabwe.  
 • EFO/ "EFT" betalings waar moontlik.  
 • Toeriste moet genoeg kontant by hulle dra sodat hulle nie moet staatmaak op onttrekkings uit OTMs nie. (4)

**SEPT 2015 EC**  
**VRAAG 9**

- 9.3 9.3.1 *Cash Passport* ✓✓  
 • *Travel Wallet*  
 • Voorafgelaaiide debietkaart (Enige 1 x 2) (2)
- 9.3.2 'n Reisiger kan slegs die bedrag wat vooraf op die kaart gelaai is spandeer. Hy kan dus nie skuld maak soos met 'n kredietkaart kan gebeur nie. ✓✓ (2)

**SEPT 2016 EC  
VRAAG 1**

- |     |       |   |         |     |
|-----|-------|---|---------|-----|
| 1.5 | 1.5.1 | Internetbetaling/kredietkaart/debietkaart ✓   |         |     |
|     | 1.5.2 | EFO/Elektroniese fondsoorplasing ✓  |         |     |
|     | 1.5.3 | Kontant ✓   |         |     |
|     | 1.5.4 | Kredietkaart ✓  |         |     |
|     | 1.5.5 | Voorafgelaaiide buitelandsevaluta-debietkaart/Kontantpaspoort (Cash Passport)/Travel Wallet/Internasionale Reiskaart ✓ OF Kontant | (5 x 1) | (5) |

**SEPT 2018 EC  
VRAAG 1**

- |     |       |   |         |     |
|-----|-------|---|---------|-----|
| 1.2 | 1.2.1 | Kredietkaart ✓                                    |         |     |
|     | 1.2.2 | EFT ✓   |         |     |
|     | 1.2.3 | bankwissels ✓                                     |         |     |
|     | 1.2.4 | Voorafgelaaiide buitelandse valuta debietkaarte ✓ |         |     |
|     | 1.2.5 | buitelandse banknote ✓                            | (5 x 1) | (5) |

**SEPT 2019 EC  
VRAAG 9**

- |     |       |  |  |     |
|-----|-------|--|--|-----|
| 9.3 | 9.3.1 | Voorafgelaaiide buitelandse valuta debietkaarte ✓✓   |  |     |
|     |       | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Cash Passport-kaart</li> <li>• Travel Wallet</li> <li>• Internasionale Reiskaart</li> </ul>   |  | (2) |
|     | 9.3.2 | Gerieflike betaalmetode ✓✓   |  |     |
|     |       | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die funksionaliteit van 'n debietkaart sonder om aan jou bankrekening gekoppel te word.</li> <li>• Keer dat die kaarthouer skuld maak.</li> <li>• Kan via slimfoon of enige OTM wêreldwyd, aanlyn herlaai word met enige hoeveelheid geld.</li> <li>• Word deur 'n PIN-nommer beskerm en is daarom veiliger as om kontant te dra.</li> <li>• Minder risiko aangesien die kaart nie aan jou bankrekening gekoppel word nie.</li> </ul> |  | (2) |